
**Bybelse inspirasie vir Hey! se getroue vrywilliger,vennoot & vriend; Februarie 2011 se uitdaging is: FOKUS OP JOU LEWENSDOEL EN KRY JOU BOOT UIT DIE HAWE!**



Een van die mooiste tonele is die bote in Gordonsbaai se hawe met die see wat soos 'n meer lyk en die majestieuse berge in die agtergrond. Wie se bote sou dit wees en waarheen sou dit oppad wees? Om net in die hawe geanker te wees help nie veel nie, doen dit? Is jy 'n boot wat doelloos lê om dalk net op 'n naweek wat die Suid-Ooster nie te kwaai waai nie uit te gaan op 'n plesier-rit? Ons het elkeen 'n lewensdoel **"God het ons gemaak wat ons nou is : in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het" Ef 2:10** Sonder 'n duidelike lewensdoel sal jy aanhoudend van rigting, werk, ver-houdinge, kerk verander in die hoop dat die verandering die deur-mekaarspul sal uitsorteer of die leegheid in jou hart sal vul! Ek lees uit "The Word for today" **"The power of focusing can be seen in light. With a magnifying glass the rays of the sun can set paper on fire. But when light is focused even more as a laser beam, it can cut through steel. Nothing is as potent as a fo-cused life. So if you want your life to have impact, focus it! Stop dabbling. Stop trying to do it all. Do less. Turn away from even good activities and do only that which matters most. Never confuse activity with productivity"** 'n Goeie voorbeeld van fokus in die Bybel is Paulus wie in **Filippense 3:13-14** skryf : **"Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."**



Hierdie foto van die fietse het my laat glimlag en laat dink aan fokus! Dit behoort aan die jong deelnemers aan 'n "survivor" bergfietsuitdaging waar leidrade en aktiwiteite na die eindbestemming van warm pizza en Coke gelei het! Praat van fokus! Alles is gedoen om daar uit te kom sonder enige iets wat afleiding veroorsaak het! Die fietse is neergegooi aan die einde en die beloning terdeë geniet (soos dit hoort!)



Dalk voel jy of jou "boot" op die water begin beweeg het maar die fokus bietjie verloor het soos 'n "GPS" wat sê "lost satellite reception" en jy weer terug is in die hawe! Kom ons bid saam uit "Seën jou gees" van Arthur Burk vir die bewustheid van jou lewensdoel sodat jy daarop kan fokus !

**"Ek seën jou met die verwesenliking van die roeping van God op jou lewe om Sy wil ten volle uit te leef. Ek seën jou met jou Vader se volmaakte tydsberekening vir jou lewe, om nie oorhaastig of traag te wees nie, maar om Sy wil te ken en Sy wil op die regte tyd, die regte plek, die regte ma-nier en met die regte mense aan jou sy te doen. Ek seën jou om alles te wees wat God jou gemaak het om te wees. Wanneer jy die vreugde daar-van ervaar om jou skeppingsdoel uit te leef, sal dit voordeel vir jou en ander inhou, terwyl die wêreld ook seën sal ervaar" Amen**

Dankie vir elk se insette in HopeExplosionYouth Ministries se bediening: hetsy gebed,f inansies, ondersteuning of om-gee, ons waardeer dit ! Hou ons in jul gebede vir wysheid elke dag.Celeste Steinmann 082 322 5299 www.hey.org.za